## Die Akathistoslied voorafgegaan deur die Klein Kompletediens

### Eerste Vrydag

*Priester* Geseënd is ons God immer nou en altyd en tot in ewigheid.

***Leser*** **Amen.**

*Priester* Eer aan U, ons God, eer aan U.

Hemelse Koning, Trooster, Gees van die Waarheid,
alomteenwoordig en met Wie alles vervul is,
Skatkis van die goeie en Gewer van lewe,
kom woon in ons,
suiwer ons van alle onreinheid,
en red ons siele, o Goeie.

***Leser*** Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons. (*drie maal)*

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Alheilige Drie-eenheid, ontferm U oor ons.
Here, reinig ons van ons sondes.
Meester, vergeef ons ons oortredinge.
Heilige, besoek en genees ons swakhede,
om u Naams ontwil.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Onse Vader, wat in die hemele is,
laat u naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood
en vergeef ons ons skulde
soos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie
maar verlos ons van die bose.

*Priester* Want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, aan die Vader en die Seun en die heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

***Leser*** **Amen.**

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Kom, laat ons aanbid en neerval voor God, ons Koning!
Kom, laat ons aanbid en neerval voor Christus God, ons Koning!
Kom, laat ons aanbid en neerval voor Christus self, ons Koning en God!

**Psalm 50**

Ontferm U oor my, o God, volgens u groot barmhartigheid en wis volgens die oorvloed van u medelye my oortreding uit.
Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ek ken my ongeregtigheid, en my sonde is altyd voor my.
Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat boos is in u oë, sodat U geregverdig mag word deur u woorde, en u mag oorwin wanneer U geoordeel word.
Want kyk, in ongeregtighede is ek ontvang, en in sondes het my moeder my gebaar.
Want kyk, U het waarheid liefgehad, die geheime en verborgene van u wysheid het U aan my bekend gemaak.
U sal my besprinkel met hisop, en ek sal gereinig word; U sal my was en ek sal witter word as sneeu.
U sal my vreugde en blydskap laat hoor; die vernederde gebeentes sal jubel.
Wend u aangesig van my sondes af, en wis al my ongeregtighede uit.
Skep in my 'n rein hart, o God, en gee opnuut 'n opregte gees in my binneste.
Verwerp my nie van u aangesig nie, en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.
Gee my weer die vreugde van u heil, en versterk my deur u bestierende Gees.
Ek sal wetteloses u weë leer, en die goddeloses sal hulle tot U wend.
Red my van bloedskuld, o God, God van my heil; my tong sal jubel oor u geregtigheid.
Here, U sal my lippe open, en my mond sal u lof verkondig.
Want as U 'n offer verlang het, sou ek dit gegee het; in brandoffers sal U geen behae hê nie.
'n Offer aan God is 'n verbryselde gees; 'n verbryselde en vernederde hart sal God nie verag nie.
Doen goed, Here, aan Sion in u welbehae, en laat die mure van Jerusalem gebou word.
Dan sal U 'n welbehae hê in 'n offer van geregtigheid, in offergawe en brandoffers; dan sal hulle stiere offer op u altaar.

**Psalm 69**

O God, kom my te hulp; Here, haas U om my te help.

Laat hulle wat my siel soek beskaamd staan en in die verleentheid gestel word.
Laat hulle wat my kwaad toewens agteruitwyk en beskaam word.
Laat hulle wat vir my sê: Goed so! Goed so! terstond agteruitwyk vanweë hul beskaming.
Laat almal wat U soek jubel en bly wees oor U, en laat hulle wat u heil liefhet altyd sê: Laat God verheerlik word!
Maar ek is arm en behoeftig; o God, help my! U is my hulp en my redder; Here, talm tog nie!

**Psalm 142**

Here, hoor my gebed; luister na my smeking in u waarheid; verhoor my in u geregtigheid.
En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, sal voor u aangesig geregverdig word nie.
Want die vyand het my siel vervolg; hy het my lewe tot teen die grond verneder; hy het my laat sit in duisternis soos hulle wat lankal dood is, en my gees is vermoeid oor my; my hart is ontsteld in my.
Ek het gedink aan die dae van weleer; ek het nagedink oor al u dade; oor die werke van u hande het ek steeds nagedink.
Ek het my hande na U toe uitgesteek; my siel smag na U soos 'n dorsland.
Hoor my gou, Here; my gees het my begewe.
Wend nie u aangesig van my af nie, sodat ek nie sal word soos hulle wat in die kuil neerdaal nie.
Laat my in die môre u barmhartigheid hoor, want op U het ek my hoop gestel.
Maak aan my die weg bekend, Here, waarop ek moet gaan, want tot U het ek my siel opgehef.
Bevry my van my vyande, Here, want tot U het ek my toevlug geneem. Leer my om u wil te doen, want U is my God.
U goeie Gees sal my in 'n land van opregtheid lei. Om u naam ontwil, Here, sal U my lewend maak.
In u geregtigheid sal U my siel uit verdrukking lei. En in u ontferming sal U my vyande uitroei.
En sal U almal vernietig wat my siel verdruk, want ek is u kneg.

**Doksologie**

Eer aan God in die hoogste hemele, en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae.
Ons besing U, ons loof U, ons aanbid U, ons verheerlik U, ons dank U vir u groot heerlikheid.
Here Koning, hemelse God, almagtige Vader;
Here eniggebore Seun, Jesus Christus;
en Heilige Gees.
Here God, Lam van God, Seun van die Vader, wat die sonde van die wêreld wegneem, ontferm U oor ons, U wat die sondes van die wêreld wegneem.
Aanvaar ons smeking, U wat sit aan die regterhand van die Vader, en ontferm U oor ons.

Want U alleen is heilig, U alleen is die Heer, Jesus Christus, tot eer van God die Vader. Amen.
Ek sal U elke dag loof, en u Naam prys tot in ewigheid, ja tot in alle ewigheid.
Here, U het vir ons 'n toevlug geword van geslag tot geslag. Ek het gesê: O Here, ontferm U oor my. Genees my siel, want ek het teen U gesondig.
Here, tot U het ek my toevlug geneem. Leer my om u wil te doen, want U is my God. Want by U is die fontein van die lewe. In u lig sal ons die lig sien.
Laat u barmhartigheid voortduur vir die wat U ken.
Gee, Here, dat ons vannag van sonde bewaar mag word.
Lofwaardig is U, o Heer, die God van ons vaders, en geprys en verheerlik is u Naam tot in ewigheid. Amen.
Laat u barmhartigheid, Here, oor ons wees, soos ons ons hoop gestel het op U.
Lofwaardig is U, o Here, leer my u gebooie.
Lofwaardig is U, o Meester, gee my insig in u gebooie.
Lofwaardig is U, o Heilige, verlig my met u gebooie.
U barmhartigheid, Here, is tot in ewigheid. Laat vaar nie die werke van u hande nie.
U kom toe die lofprysing, U kom toe die lofgesang, U kom toe die heerlikheid, Vader, Seun, en Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

**Geloofsbelydenis**

Ek glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, en van alle sigbare en onsigbare dinge.
En in een Here, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye. Lig uit Lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur Wie alle dinge ontstaan het.
Wat ter wille van ons, mense, en ter wille van ons saligheid neergedaal het uit die hemele, vlees geword het deur die Heilige Gees en die Maagd Maria, en mens geword het.
Wat vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, en gely het en begrawe is, en op die derde dag weer opgestaan het, volgens die Skrif.
Wat opgevaar het na die hemele en sit aan die regterhand van die Vader.
En wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die lewendes en die dooies.
Wie se Koninkryk geen einde sal hê nie.
En in die Heilige Gees, die Here, die Lewendmaker, wat van die Vader uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word, wat gespreek het deur die profete.
En in een Heilige, Katolieke en Apostoliese Kerk.
Ek bely een doop tot vergifnis van sondes.
Ek verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige ewigheid. Amen.

**Die megalinarion van die Theotokos**

Dit is waarlik gepas om u salig te noem, o Theotokos,
immergeseënd, al-onskuldig en die Moeder van ons God.
Eerbiedwaardiger as die Gerubim,

en onvergelyklik glorieryker as die Serafim,
het u ongeskonde God die Woord gebaar.
Ware Theotokos, ons verheerlik u.


Akathistos-Kanon

**Eerste Ode   Toon 4**


Irmos



Troparia





Toe die groot Aartsengel u sien, o Reine,
die lewende boek van Christus, verseël deur die Gees,
het hy u toegeroep: Verheug u, vat van vreugde,
deur wie die vloek van die eerste moeder opgehef is.




Verheug u, o Maagd en Bruid van God,
die wederoprigting van Adam, die dood van die Doderyk.
Verheug u, Al-onskuldige, die paleis van die enige Koning.
Verheug u, vlammende troon van die Almagtige.





Verheug u, u wat alleen die onverwelklike Roos laat ontspruit het;
verheug u, u wat die welriekende appel gebaar het,
die ruiker van die Koning van almal;
verheug u, u wat die huwelik nie ervaar het nie,
die behoud van die wêreld.




Verheug u, skat van reinheid,
deur wie ons uit ons val opgestaan het.
Verheug u, Meesteres, welriekende lelie wat die gelowiges met haar geur omgeef,
welriekende wierook en kosbare salf.

**Derde ode**

Irmos








Troparia.





Uit u, onbewerkte land, het die goddelike koringaar ontspruit.
Verheug u, lewende tafel,
wat die brood van die lewe gedra het.
Verheug u, Meesteres, onuitputlike bron van die Lewende Water.



Verheug u, vers wat die onskuldige Kalf vir die gelowiges gebaar het.
Verheug u, ooilam wat dragtig was met die Lam van God,
Hy wat die misstappe van die hele wêreld wegneem.
Verheug u, ywerige versoendeksel.





Verheug u, woonplek van lig,
stralende oggend wat alleen Christus die Son gedra het.
Verheug u, u wat die duisternis verdryf
en die duistere demone heeltemal vernietig het.





Verheug u, o Meesteres,
enigste poort waardeur alleen die Logos gegaan het,
wat deur u geboortegewing
die grendels en poorte van die Doderyk verbrysel het.
Verheug u, albesongene, heilige ingang van hulle wat gered word.

**Vierde Ode**

Irmos





op die troon van die God - heid sit,
Je - sus die Al - ler - hoog - ste God,
het in 'n lig - te wolk ge - kom
en deur sy reine hand hulle ge - red wat roep:
"Eer aan u mag, o Chris tus."


Troparia




Met die klank van ons liedere roep ons met geloof tot u, o Albesongene:
Verheug u, berg van botter gekarring deur die Gees.
Verheug u, kandelaar en mannakruik
wat die sintuie van die vromes soet maak.





Verheug u, onbevlekte Meesteres, versoendeksel van die wêreld.
Verheug u, leer wat almal deur genade van die aarde af opgehef het.
Verheug u, brug wat almal wat u besing
waarlik uit die dood na die lewe lei.




Verheug u, o Onbevlekte, hoër as die hemele,
wat sonder weë die grondveste van die aarde in u skoot gedra het.
Verheug u, skulp wat vir die Koning van die hemelse magte
die goddelike purperkleed uit u bloed gekleur het.





Verheug u, Meesteres, wat waarlik die Gewer van die Wet gebaar het,
Hy wat almal se sondes vrylik uitwis.
O onbegryplike diepte en onuitspreeklike hoogte,
wat die huwelik nie geken het nie, deur wie ons vergoddelik is.





Ons besing u wat vir die wêreld 'n krans gevleg het
wat nie met die hand gemaak is nie
en roep u toe:
Verheug u, o Maagd, skans en beskutting van almal,
vesting en heilige toevlug.


**Vyfde Ode**

Irmos






Troparia




Verheug u, o Al-onskuldige, wat die Weg van die Lewe gebaar het
en die wêreld van die vloed van die sonde gered het.
Verheug u, Bruid van God, tyding ontsagwekkend
om te hoor en te vertel.
Verheug u, woonplek van die Meester van die skepping.





Verheug u, o Onbevlekte, sterkte en vesting van die mensdom,
heiligdom van die heerlikheid, doding van die Doderyk,
Bruidsaal helder verlig.
Verheug u, vreugde van die Engele.
Verheug u, hulp van hulle wat hul versoeke met geloof tot u rig.




Verheug u, o Meesteres, vlammende wa van die Woord,
lewende Paradys, met die Here, die Boom van die Lewe,
in u midde,
Hy wie se soetheid húlle lewend maak wat met geloof aan Hom deelneem,
ook al is hulle aan die bederf onderworpe.





Versterk deur u krag, roep ons met geloof tot u:
Verheug u, stad van die Koning van almal,
waaroor heerlike en horenswaardige dinge duidelik gespreek is.
Verheug u, ongekapte berg, ondeurgrondelike diepte.




Verheug u, o Onbevlekte, ruim tabernakel van die Woord,
Verheug u, al-wonderbare, skulp wat die Goddelike Pêrel voortgebring het,
versoening met God van almal wat u, o Theotokos, voortdurend salig noem.

**Ode 6**

Irmos







Troparia





Verheug u, o Al-onbevlekte, onbesoedelde bruidsaal van die Woord,
oorsaak van die vergoddeliking van almal,
weerklank van die Profete.
Verheug u, sieraad van die Apostels.




Uit u het die dou gedrup
wat die vlam van die veelgodedom geblus het.
Daarom roep ons tot u: Verheug u, doubedekte vlies,
wat Gideon, o Maagd, vooruitgesien het.





Kyk, tot u roep ons “Verheug u”;
wees u ‘n hawe en toevlugsoord vir ons
wat vaar op die see van benoudhede
te midde van al die strikke van die oorlogsugtige.





O Bron van vreugde, beklee ons denke met genade om u toe te roep:
Verheug u, braambos wat nie uitgebrand het nie,
wolk van lig wat die gelowiges voortdurend oorskadu.

**Sewende Ode**

Irmos







Troparia




Ons besing u en roep: Verheug u, wa van die geestelike Son;
ware wingerdstok wat die ryp druiwetros opgelewer het
wat die wyn laat drup wat die siele verbly
van hulle wat u getrou verheerlik.



Verheug u, o Bruid van God, wat die Geneesheer van die mensdom gebaar het,
mistieke staf uit wie die onverwelklike blom gebloei het.
Verheug u, Meesteres, deur wie ons met vreugde vervul is
en deur wie ons die lewe beërwe.




Selfs die welsprekende tong, o Meesteres, is nie in staat om u lof te besing nie.
Want u is verhewe bo die Serafim
omdat u Christus die Koning gebaar het.
Smeek Hom om almal wat u getrou vereer
nou van alle kwaad te verlos.




Die eindes van die aarde loof u en noem u salig en roep u toe:
Verheug u, o Reine, boekrol waarop die Woord deur die Vader se vinger geskryf is.
Smeek Hom, o Theotokos,
om u dienaars in die boek van die lewe in te skryf.




Ons, u dienaars, smeek u en buig die knie van ons harte:
Neig u oor, o Reine, en red ons wat wegsink in verdrukkinge.
En bewaar u stad, o Theotokos,
van alle besetting deur vyande.


**Agste Ode**

Irmos






Troparia




U het die Woord in u skoot ontvang, o Reine, u het Hom gedra wat die heelal dra.
Met melk het u Hom gevoed wat deur die knik van sy hoof
die hele wêreld voed, tot Wie ons sing:
Loof die Here, al sy werke,
en verhef Hom tot in alle ewigheid.




Moses het in die braambos die groot Misterie van u geboortegewing gesien.
Waar hulle in die vuur staan, sonder om verbrand te word,
het die Jongelinge dit baie duidelik voorafgebeeld,
o ongeskonde heilige Maagd.
Daarom besing ons u tot in alle ewigheid.




Ons wat eens deur misleiding kaal gestroop is,
is deur u swangerskap met die kleed van onverganklikheid beklee.
En ons wat in die duisternis van ons oortredinge gesit het,
het die Lig gesien, o Jonkvrou, woonplek van die lig.
Daarom besing ons u tot in alle ewigheid.




Deur u word die dooies lewend gemaak, want u het Hom wat die Lewe in Persoon is, gebaar.
Hulle wat voorheen stom was, word welsprekend gemaak,
melaatses word gereinig, siektes word verdryf,
die menigte geeste in die lug word oorwin,
o Maagd, die verlossing van sterwelinge.





Verheug u, o Al-geseënde, wat verlossing vir die Wêreld gebaar het,
u deur wie ons vanaf die aarde na die hoogte verhef is,
die beskutting en sterkte,
die vesting en burg van hulle wat sing, o Reine:
Loof die Here, al sy werke,
en verhef Hom tot in alle ewigheid.


## Negende Ode

Irmos







Troparia





Sodat ons, die gelowiges,
wat deur u deelgenote aan die ewige vreugde geword het,
tot u, o Jonkvrou, “Verheug u” mag roep, verlos ons van versoeking,
van besetting deur barbare en alle ander rampe
wat sondige sterwelinge tref
vanweë die menigte van hul oortredinge.




U is as ons verligting en versterking geopenbaar.
Daarom roep ons tot u: Verheug u, nooit ondergaande ster,
wat die grote Son in die wêreld bring.
Verheug u, o Reine, wat die geslote Eden geopen het.
Verheug u, vuurkolom wat die mensdom na die hemelse lewe lei.




Laat ons met eerbied staan in die huis van ons God en laat ons uitroep:
Verheug u, Koningin van die wêreld.
Verheug u, Maria wat oor ons almal heers.
Verheug u, u wat alleen onskuldig en skoon is onder vroue.
Verheug u, vat wat die onuitputlike salf ontvang het wat op u uitgegiet is.





Verheug u, o Immermaagd, die Duif wat die Barmhartige gebaar het.
Verheug u, roem van al die heiliges, segekrans van die Martelare.
Verheug u, heilige sieraad van al die Regverdiges
en die behoud van ons, die gelowiges.





Spaar u erfdeel, o God, en sien al ons sondes nou oor,
want U het haar wat U sonder saad op aarde gebaar het
wat U daarom smeek,
want in u groot barmhartigheid, o Christus,
was U bereid om 'n gedaante aan te neem wat vir U vreemd was.

**Akathistos**

**Kontakion – Toon 8**












Eerste Stasis

Priester
Ikos 1


'n Aartsengel is uit die hemel gestuur,
om die Theotokos "Verheug u!" toe te roep.
En by die aanskoue van hoe U, Here,
by die klank van sy liggaamlose stem 'n liggaam aanneem,
het hy verbysterd daar gestaan en haar dinge van hierdie aard toegeroep:



Verheug u, u deur wie die blyd - skap sal skyn.
Verheug u, u deur wie die vloek sal ver - dwyn.



Verheug u, herstel van Adam ná sy val.
Verheug u, verlossing van Eva van haar tra - ne.


Verheug u, hoogte ontoeganklik vir die


mens se denk - ver - moë.
Verheug u, diepte swaar om
te deur - vors selfs vir Eng - el - e - oë.
Verheug u, want u is die Ko - ning se troon.
Verheug u, want u dra Hom wat die heel - al dra.


Verheug u, ster wat die Son laat ver - skyn.
Verheug u, skoot van die goddelik e vlees - word ing.


Verheug u, u deur wie die
Skepping ver - nu we word.
Verheug u, u deur wie die




*Priester*

**Kontakion 2**

Bewus van haar eie reinheid.
het die Heilige dapper tot Gabriël gespreek:
“Vreemd skyn jou woorde en swaar
vir my siel om te aanvaar.
Want hoe praat jy van ‘n geboorte
na ‘n ontvangenis sonder saad?
En sy roep: Halleluja!

***Volk***




***Priester***

**Ikos 2**


In haar strewe om wat onkenbaar is te weet,
het die Maagd tot die dienende engel geroep:

Sê my, hoe is dit moontlik vir ‘n seun
om uit kuise lende gebore te word?
Met ontsag het hy haar geantwoord,
en so uitgeroep:





wie God neer - ge - daal het
Verheug u, brug wat hulle wat van
die aarde is he - mel toe lei.
Verheug u, veelbesonge verwondering van die


Eng e - le Verheug u, veelbeweende
ver - wonding van die de - mo - ne


Verheug u, u wat die Lig op
onuitspreeklik - e wy - se ge - baar het.
Verheug u, u wat die geheimenis


aan niemand o - pen - baar het nie.
Verheug u, u wat die wyses se kennis te bo __ we gaan.
Verheug u, u wat die gelowiges se




*Priester*

**Kontakion 3**

Die krag van die Allerhoogste
het haar wat die huwelik nie geken het nie
toe oorskadu sodat sy kon ontvang
en haar vrugbare skoot ‘n lieflike akker gemaak
vir almal wat die heil wil oes,
terwyl hulle sing: Halleluja!

***Volk***





*Priester*

**Ikos 3**

Met God in haar skoot het die Maagd haar gehaas na Elisabet,
wie se ongebore kind, wat haar groet dadelik herken het,
hom verheug het, en met spronge soos gesange
tot die Theotokos geroep het:


Verheug u, land wat 'n ryke
oes van me - de - doë laat ont - spruit.
Verheug u, tafel met 'n oorvloed ver - gif - nis be - laai.
Verheug u, want u laat die weide van be - hae blom.
Verheug u, want u berei 'n toe - vlug vir sie - le.


Verheug u, aanneemlike wierook van voor - bid ding.
Verheug u, versoening vir heel die wê reld.
Verheug u, guns van God teen - oor sterf ling - e.
Verheug u, vrymoedigheid van sterf - ling - e by God
Ver heug u, On - ge - hu de Bruid.

*Priester*


**Kontakion 4**


Die verstandige Josef was in sy binneste gekwel
deur 'n storm van twyfelgedagtes;
wetende dat u ongetroud was,
het hy 'n heimlike verbintenis vermoed, o Onskuldige,
maar toe hy van u ontvangenis deur die Heilige Gees te wete kom,
het hy gesê: Halleluja!

***Volk***




**Kontakion – Toon 8**




skryf die oor - winning met dankbaarheid
toe aan u, o Theo - to - kos.
Maar daar u oor onoor - winlik - e mag be - skik,
be - vry ons van alle ge - va re
so - dat ons tot u mag roep:




***Leser*** Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons. (*drie maal)*

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Alheilige Drie-eenheid, ontferm U oor ons.
Here, reinig ons van ons sondes.
Meester, vergeef ons ons oortredinge.
Heilige, besoek en genees ons swakhede,
om u Naams ontwil.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Onse Vader, wat in die hemele is,
laat u naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood
en vergeef ons ons skulde
soos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie
maar verlos ons van die bose.

*Priester* Want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, aan die Vader en die Seun en die heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.

***Leser*** **Amen.**

Kontakion (gelees)

Aan U, Here, wat die Skepping geplant het,
bied die wêreld die Goddraende martelare
as die eerstelinge van die natuur.
Bewaar u Kerk deur hulle smekinge in diepe vrede,
deur die Theotokos, U wat groot barmhartigheid het.

Here, ontferm U. *(twaalf maal)*

**Die Gebed van alle tye**

U wat te alle tye en elke uur in die hemel en op aarde aanbid en verheerlik word, Christus God, lankmoedig, groot van barmhartigheid en ryk aan mededoë, wat die regverdiges liefhet en U oor sondaars ontferm, wat almal roep tot heil deur die belofte van die komende goeie dinge. Here, aanvaar U self in hierdie uur ons bedes, en rig ons lewens op u gebooie. Heilig ons siele, suiwer ons liggame, maak ons denke reg, reinig ons oorweginge, en bevry ons van alle verdrukking, kwaad en nood. Omring ons deur u heilige engele sodat ons, beskerm en gelei deur hierdie leër, mag kom tot die eenheid van die geloof en die kennis van u ontoeganklike heerlikheid, want U word geloof tot in ewigheid. Amen.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Eerbiedwaardiger as die Gerubim,
en onvergelyklik glorieryker as die Serafim,
het u ongeskonde God die Woord gebaar.
Ware Theotokos, ons verheerlik u.

In die Naam van die Here, seën, vader.

*Priester* Mag God Hom oor ons ontferm en ons seën. Mag Hy sy aangesig oor ons laat skyn en ons barmhartig wees.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.
En bid vir ons, Alheilige Theotokos.

**Gebed tot die Alheilige Theotokos.**

***Eerste Leser*** *(waar hy/sy staan voor die Ikoon van die Moeder van God, voor die trappe van die Heiligdom)*

O onbevlekte, smettelose, ongeskonde, onskuldige reine Maagd, Bruid van God en Meesteres: U wat deur u wonderbaarlike ontvangenis God die Woord met die mensdom verenig het, en die gevalle natuur van ons geslag met die hemelse verbind het, u wat die enigste hoop is van hulle sonder hoop, en die hulp van hulle teen wie stryd gevoer word, bereidwillige beskerming van hulle wat hulle tot u haas, en toevlug van alle Christene.

Verafsku my, skuldbelade sondaar, nie, wat my met skandelike gedagtes, woorde en dade heeltemal nutteloos gemaak het, en deur traagheid van denke 'n slaaf van die genietinge van die lewe geword het.

Maar as die Moeder van die mensliewende God, wees mensliewend en vol medelye teenoor my, reddelose sondaar, en aanvaar my gebed wat met onrein lippe aan u opgedra word.

En deur u moederlike vrymoedigheid, pleit by u Seun, ons Meester en Here, dat Hy ook vir my die mensliewende hart van sy goedheid sal open, dat Hy my tallose misstappe oor die hoof sal sien, my sal laat terugkeer tot boetvaardigheid, en my 'n bevestigde onderhouer van sy voorskrifte sal maak.

En wees my altyd naby, daar u barmhartig en medelydend is en die goeie liefhet. Wees in hierdie lewe my vurige beskermster en hulp, weer die aanslae van my teenstanders af, en lei my na die heil.

En wanneer ek moet heengaan, neem dan my armsalige siel in u sorg, en verdryf ver daarvan weg die duistere gesig van bose geeste.

En op die vreeswekkende oordeelsdag, verlos my van ewige straf en maak my 'n erfgenaam van die onuitspreeklike heerlikheid van u Seun, ons God.

Mag dit my deur u bemiddeling en hulp beskore wees, my Meesteres, alheilige Theotokos, deur die genade en mensliewendheid van u eniggebore Seun, ons Here en God en Saligmaker, Jesus Christus, aan wie al die heerlikheid, eer en aanbidding toekom, saam met sy beginlose Vader, en sy alheilige, goeie en lewendmakende Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Gebed tot ons Here Jesus Christus

***Tweede Leser*** *(waar hy/sy staan voor die Ikoon van die Heiland, voor die trappe van die heiligdom)*

Gee ons, Meester, waar ons nou gaan slaap, rus na liggaam en siel. En behoed ons van die duistere slaap van die sonde, en van alle donker genietinge van die nag. Bring die storms van ons hartstogte tot bedaring, doof die vlammende pyle van die bose wat met lis teen ons geslinger word, beteuel die onstuimighede van die vlees, en bring elke aardse en stoflike gedagte tot rus.

En skenk ons, o God, 'n waaksame gees, 'n wyse verstand, 'n nugter hart, 'n rustige slaap, vry van enige duiwelse fantasie. Wek ons teen die tyd van gebed, gesterk deur u voorskrifte, terwyl ons u oordele voortdurend in gedagte hou.

Skenk ons die genade om U die hele nag lank te verheerlik, om u aleerbiedwaardige en hoogverhewe Naam te besing, te loof en te verheerlik,

van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

***Eerste Leser*** Hooggeërde, immermaagdelike, geseënde Theotokos, bring ons gebed voor u Seun, ons God, en bid dat Hy deur u ons siele mag red.

***Tweede leser*** My hoop is die Vader,
my toevlug die Seun,
my beskutting die Heilige Gees.
Heilige Drie-eenheid, eer aan U.

***Eerste Leser*** Op u stel ek al my hoop, Moeder van God, beskerm my onder u hoede.

*Priester* En dat ons waardig geag mag word om te luister na die Heilige Evangelie, laat ons bid tot die Here God.

***Volk*** **Here, ontferm U.** *(3x)*

*Priester* Wysheid. Laat ons opstaan. Laat ons luister na die Heilige Evangelie. Vrede vir almal.

***Volk*** **En vir u gees.**

*Priester* Die Lesing uit die heilige Evangelie volgens Johannes. [15:1-7]

***Volk*** **Eer aan U, o Heer, eer aan U.**

*Priester* Laat ons aandag gee.

Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra. Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het. Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

***Volk*** **Eer aan U, o Heer, eer aan U.**

**Die Wegsending**

*Priester* Vrede vir almal.

***Volk*** **En vir u gees.**

*Priester* Laat ons ons hoofde buig voor die Heer.

***Volk*** **Voor U, o Heer.**

*Priester* O Meester, ryk aan barmhartigheid, Here Jesus Christus ons God, deur die gebede van ons al-onbevlekte Meesteres, die Theotokos en immermaagd Maria, deur die krag van die kosbare en lewendmakende Kruis, die beskerming van die eerbiedwaardige, liggaamlose hemelse kragte, die smekinge van die eerbiedwaardige, glorieryke profeet, Voorloper en Doper, Johannes, van die heilige, glorieryke en alomgeëerde Apostels, van die heilige, glorieryke en seëvierende martelare, van ons heilige en Goddraende Vaders en Moeders, van die *(heilige van die kerk)*, van die heilige en regverdige Voorouers van God, Joachim en Anna, van die heilige *N.* wie se gedagtenis ons vier, en al u Heiliges: Maak ons gebed aanvaarbaar.

***Volk*** **Amen.**

*Priester* Skenk ons vergewing van ons oortredinge;

***Volk*** **Amen.**

*Priester* Beskut ons onder die beskutting van u vleuels;

***Volk*** **Amen.**

*Priester* Verdryf van ons alle vyande en teenstanders;

***Volk*** **Amen.**

*Priester* Skenk ons lewe vrede;

***Volk*** **Amen.**

*Priester* O Here, ontferm U oor ons en oor u wêreld en red ons siele, want U is goed en mensliewend.

***Volk*** **Amen.**

**Litanie**

*Priester* Laat ons bid om vrede vir die wêreld.

***Volk*** **Here, ontferm U.** *(en so na elk van die volgende bedes)*

*Priester* Vir die toegewyde, Ortodokse Christene.

Vir die welsyn en versterking van die Christusliewende lede van die weermag.

Vir ons afwesige vaders en moeders en broers en susters.

Vir hulle wat ons dien en gedien het.

Vir hulle wat ons haat en hulle wat ons liefhet.

Vir hulle wat ons gevra het om vir hulle te bid, onwaardig soos wat ons is.

Vir die verlossing van gevangenes.

Vir hulle wat vaar op see.

Vir hulle wat siek lê.

Laat ons ook bid om ‘n oorvloedige opbrengs van die aarde.

Vir al ons Ortodokse vaders en moeders en broers en susters wat ons in die rus voorafgegaan het, en wat hier en oor die hele wêreld heen vroom ontslape lê.


***Volk*** Ewige gedagtenis.

*Priester* Laat ons ook vir onsself sê:

***Volk*** Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

**Troparion – Toon 3**






*Priester* Deur die gebede van ons heilige vaders, Here Jesus Christus ons God, ontferm U oor ons en red ons.

***Volk*** **Amen.**